2018/11/12
08:52 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2018/11/12	DATUM 2018/11/09			+ - WEEK GELEDE 2018/11/05		+ - MAAND GELEDE 2018/10/15		+ - JAAR GELEDE 2017/11/13	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent ($/b)	71.00	0.22	0.3%	70.78	-2.3%	72.67	-12.3%	80.94	12.8%	62.97
US$: ? ZAR	14.33	0.060	0.4%	14.27	0.1%	14.32	-1.0%	14.48	1.0%	14.19
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 085.07	-3	-0.1%	R 2 087.57	* CBOT Dec cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Mielies Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 643.22	4	0.1%	R 2 639.49	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 vandag vs CBOT Koring Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 608.26	78	1.7%	R 4 530.23	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Sojabone Nov + -12 : 00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Mielies Des '18	369.60	-2.00	-0.5%	371.60	0%	371.20	-1%	373.60	-5%	387.25
Koring Des '18	502.00	-1.40	-0.3%	503.40	-1%	508.60	-3%	517.20	0%	502.50
Sojabone Nov '18	875.20	11.20	1.3%	864.00	-1%	887.60	1%	867.40	-11%	988.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Mar '19	3600.00	0	0.0%	3600.00	0.0%	3600.00	0.0%	3600.00		NA
WMAZ Nov '18	2502.00	54	2.2%	2448.00	5.1%	2381.00	5.4%	2374.00	20.6%	2074
WMAZ Jul '19	2642.00	47	1.8%	2595.00	4.4%	2530.00	4.2%	2535.00	18.8%	2224
YMAZ Nov '18	2470.00	54	2.2%	2416.00	3.6%	2384.00	1.8%	2426.00	13.4%	2179
YMAZ Jul '19	2545.00	35	1.4%	2510.00	1.4%	2510.00	1.1%	2518.00	10.7%	2299
SOY Nov '18	4596.00	37	0.8%	4559.00	1.0%	4552.00		NA	-10.4%	5128
SOY Mei '19	4816.00	28	0.6%	4788.00	0.5%	4790.00	-0.4%	4833.00	-9.6%	5325
SUN Nov '18	5180.00	53	1.0%	5127.00	2.0%	5080.00	0.7%	5146.00	7.2%	4832
SUN Mei '19	5040.00	36	0.7%	5004.00	0.0%	5038.00	1.0%	4989.00	0.4%	5018
WHEAT Nov '18	4331.00	10	0.2%	4321.00	-0.7%	4362.00	-2.1%	4423.00	2.4%	4230
WHEAT Des '18	4376.00	27	0.6%	4349.00	-1.0%	4420.00	-1.8%	4456.00	2.7%	4260
OLIESADE (US$/ton)	2018/11/09	Bron: Oilworld			2018/11/02		2017/11/13		2016/12/12	
Soya-oil, Arg.	642				-0.6%	646	-17%	769	-5%	676
Soya-pell, Arg.	336				-0.6%	338	-1%	339	-9%	368
Soybean, USA	373				3.9%	359	-9%	410	-9%	410
USA Runner 40/50	1250				0.0%	1250	-22%	1600	-4%	1300
Sun-oil, Arg.	660				-0.8%	665	-13%	755	-18%	800
Sun-oil, Black Sea	648				-1.1%	655	-14%	750	-14%	750
Sunseed,Black Sea	342				0.6%	340	-15%	400	-16%	409
Rapeseed, EU cif	432				0.2%	431	2%	425	8%	399
Palmk oil Mal, EU	670				-13.0%	770	-54%	1470	-35%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										

Sojabone: In die internasionale sojaboonmark is die grootste fokus steeds op die handelsoorlog tussen die VSA en Sjina wat nie konstruktiewe rigting kry nie. Die Sjinese invoere vir die seisoen behoort ongeveer 13 miljoen ton te wees as die vorige seisoen terwyl die Amerikaanse uitvoere van sojabone tussen 8 en 10 miljoen ton laer as die vorige seisoen se uitvoere te wees. Dit laat die verwagting dat die Amerikaanse oordragvoorraad hierdie seisoen tussen ongeveer 26 en 28 miljoen behoort te wees wat baie groot oordragvoorraad is. Die sojaboon stroop proses is aan die gang in die VSA en alhoewel daar vertragings in die stroop proses was as gevolg van ongunstige weerstoestande sal die Amerikaanse produksie vir die seisoen steeds 'n nuwe rekord bereik. Die groot sojaboon voorraad in die VSA sal die internasionale sojaboon prys onder druk tensy die handelsdispute tussen die VSA en Sjina opgelos word. In ander internasionale nuus word gerapporteer dat die aanplantings van sojabone in Brasilië goed vorder met die produksieomstandighede wat gunstig is. Die verwagting is ook dat Brasilië hierdie seisoen 'n nuwe rekord hoeveelheid sojabone sal stroop met die stroop proses wat in sekere gebiede ongeveer 2 weke vroeër kan begin. Dit sal gunstig wees aangesien daar steeds groot premies in die mark is vir Suid Amerikaanse sojabone bo Amerikaanse sojabone vir uitvoere na Sjina. In teenstelling met verlede jaar is die oordragvoorraad van sojabone in Brasilië aansienlik laer as die vorige seisoen se oordragvoorraad aangesien die Brasiliaanse uitvoere hierdie seisoen baie sterk na Sjina gevloei het wat die voorraad in Brasilië uitgeput het. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel en het aanvanklik onder druk gekom, maar kon daarin slaag om ondersteuning te vind en Vrydag effens sterker afgesluit as waarteen die mark Maandag geopen het. Daar is plaaslik steeds groot hoeveelhede sojabone beskikbaar wat die prys onder druk hou. In die nuutste vraag en aanbodsyfers vir die seisoen word daar geskat dat daar 31 000 ton se sojaboon uitvoere hierdie seisoen sal plaasvind. Dit is die eerste groot hoeveelhede sojaboon uitvoere in 'n paar jaar.

Sonneblomsaad: In die EU het die sonneblomsaadpryse redelik die onderkant van die mark bereik en het weer ondersteuning gevind vanaf die lae vlakke waarteen dit die laaste ruk verhandel het. Alhoewel die produksie in beide die Oekraïne en Rusland beter was as wat die aanvanklike verwagtinge in die mark was lyk dit of die ergste stroop druk op internasionale sonneblomsaadmark eers verby is. Die sonneblom olie mark is egter steeds onder druk as gevolg van die groot hoeveelheid sonneblomsaad olie wat beskikbaar is vir uitvoere in die Swartsee gebiede. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel met die naby maand kontrakte wat goeie ondersteuning gevind het vir die week terwyl die ver maand kontrakte byna onveranderd gesluit het vir die week.

Kanola: In Kanada het die weer die afgelope twee weke verbeter en die stroop proses kon daar weer goed aan die gang kom. Die ongunstige toestande het die stroop proses vertraag, maar dit is nou voltooi. Die uitvoere van kanola vanaf Kanada is steeds laer as wat die algemene verwagtinge in die mark was. Die totale uitvoere wat gedurende Augustus en September gerapporteer was, was baie naby aan 'n 5 jaar laagtepunt. Die grootste afname in die uitvoere vanaf Kanada was na Japan toe terwyl die Japanese invoere van Australiese kanola skerp toegeneem het. **Plaaslik:** In die plaaslike mark duur die stroop proses van kanola voort in die Weskaap. Alhoewel die gerapporteerde opbrengste goed lyk is daar gedeeltes waar daar windskade was wat negatief is vir die opbrengste in hierdie gebiede.

Grondbone: In die internasionale mark is die verwagting dat die globale grondboonproduksie vir die seisoen 'n 3 jaar laagtepunt van 29.4 miljoen ton sal bereik. Dit is ongeveer 7% laer as die vorige seisoen se produksie. Dit verwagting is ook dat die verwerking van grondbone hierdie seisoen met ongeveer 750 000 ton behoort te daal terwyl die uitvoere van rou grondbone ook verwag word om vir die 2de agtereenvolgende jaar te daal. In die internasionale mark was die afgelope jaar grootliks gekenmerk aan die lae voorrade in Argentinië en die Argentynse uitvoere van grondbone het ongeveer 30% gedaal. Dit was wel gedeeltelik opgemaak deur die hoër uitvoere vanaf Brasilië en die VSA. **Plaaslik:** In die plaaslik mark is daar steeds baie onsekerhede rakende hoeveel grondbone aangeplant gaan word hierdie seisoen. In baie van die groot grondboon produserende gebiede is dit steeds droog en kan die aanplantings nog nie optimaal voortgaan nie. Die plantvenster vir grondbone raak ook al hoe korter soos die seisoen vorder.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.